DIE AAMBEELD
Kwartaal 1 2016

Alle paaie lei na Drostdy

Sjoe, wat 'n kwartaal! Die Drostdyers lyk ná hierdie kwartaal werklik soos hasies in die hoofligte. Die spoed was hoog en almal het saamgehardloop.

Dit het vir sommige leerders reeds voor die aanvang van die akademiese jaar begin. Die Bestuurs - komitee en die Huiskomitees van die verskillende koshuise was reeds voor die graad agts hier om solank alles reg te kry. Die graad agts was ook voor die tyd aan die gang. Hulle oriënteringstyd was reeds afgehandel teen die tyd dat die akademiese jaar begin het.

Daarna was dit inoefening vir die kleuresport, tennis, toutrek, krieket, hokkie, rugby, skyfskiet, fietsry en al die ander sportaktiwiteite.

Op kultuurgebied het die Revue se inoefening voorkeur gekry en tussendeur het die koperblaasorkes ook nog 'n oefening ingedruk. Die VCSV is geskuif na skooltyd om almal te akkommodeer – veral die dorpsleerders wat nie altyd in die aand kan bywoon nie.

Op akademiese gebied is ons deur 'n mini-eksamen en heelwat toetse om die druk program te absorbeer.

En so kan ons aangaan. Daarvan is die oorvol Aambeeld ons getuie.

Na alles is daar egter die vraag of dit die moeite werd is. Is dit nie maar net 'n gejaag na wind soos die prediker dit noem nie? Ons moet steeds alles aan die uitkomste toets. Wat is vir ons belangrik? Vir sekere ouers is dit van kardinale belang dat hul kinders moet presteer in akademie en sport en kultuuraktiwiteite. Wat is die uitkoms? Is ons kinders kerngesond en gelukkig? Of het ons hulle gedryf tot 'n punt waar hulle vuisvoos neersak en na skool so keelvol is dat hulle nooit weer aan 'n rugbybal of 'n hokkiestok wil vat nie? Dr. Tim Noakes waarsku ouers en onderwysers om hierdie fyn balans te handhaaf – of die gevolge daarvan te dra.

Drostdy is 'n skool met baie meer geleenthede as enige ander skool in die vallei. Dis die feite. Ons sportuitslae lyk uitstekend, ons kultuurgroepe doen uitstekend en ons akademie is tops. Die vraag is – hoe lyk ons eindproduk? Is dit gelukkige, gebalanseerde mense wat hul plek in die lewe kan volstaan? Dis immers wat ons visie sê. Die antwoord is egter nie 'n eenvoudige een nie. Sommige leerders reageer op dit wat die skool bied. Hulle sien uit na oefeninge en kan nie wag vir die volgende kompetisie nie. Ander neem glad nie deel nie. Die leerders wat wel die geleenthede aangryp, blyk gelukkiger te wees. Sport leer jou om op te staan. Om mislukkings te hanteer met waardigheid. Om te werk vir dit wat jy wil hê. Om deel te wees van 'n groep of om as individu te funksioneer. En natuurlik om te wen met nederigheid. Uiteindelik kan ons op hierdie vraag 'n dawerende **JA** antwoord.

Vir elke voornemende Donkie daar buite – maak die regte, ingeligte keuse en sien dat die rigtingwysers na een plek wys – HTS Drostdy.

Ook in hierdie uitgawe...

Skool se verjaarsdag



Interkoshuis atletiek ... en nog

Tania takel 'n taai toffie

Verlede jaar was Liezel Stassen, nou graad 11, in 'n motorongeluk betrokke en sy het die verdoemende nuus ontvang dat sy dalk nooit weer sal kan loop nie...

Na verskeie operasies en 'n paar maande later verstom sy haar dokters steeds elke dag. Liezel het al die beweging in haar bene terug en sy wag vir haar beenstutte wat haar sal help om makliker te kan loop.

As Liezel besluit het dat sy nooit weer sal kan loop nie, omdat die dokters so gesê het of as sy net moed opgeggee het, sou sy vandag dalk nooit al die beweging in haar bene teruggehad het nie. Of die vooruitsig om ten volle te kan herstel nie.

Liezel se vasberadenheid om ten volle te herstel is parallel met dit waarvoor Drostdy staan. Na 113 jaar is dit steeds ons missie. Dit is as jy 'n terugslag het, om op te staan en weer te probeer. Om aan te gaan, al lyk die pad ver, klipperig en vol steil bulte. Dit is wat Drostdy anders maak.

Ek is trots om te kan sê ek is deel van die Donkie-familie. Ons waardes is steeds dieselfde as 113 jaar gelede en ons is trots om deel van hierdie tradisie te wees.

Dankie aan elke lid van die redaksie wat gehelp het om *Die Aambeeld* betyds klaar te hê, ek waardeer al julle harde werk. Spesiale dankie aan Shamim Gallie,subredaktrise van *Die Aambeeld*, wat gesorg het dat alles volgens plan verloop. Dit sou nie moontlik gewees het sonder jou nie.

Dankie vir al die beplanning en middae se harde werk.

Dan wil ek ook spesiaal vir Liezel dankie sê. Sy is 'n inspirasie vir ons almal en het gewys dat niks haar sal onderkry nie. Baie sterkte met die pad wat voorlê.

Tania Venter

Liezel en haar fisioterapeut

Nuwe sweep vir koshuise

As ons terugkyk na die jaarprogram is dit moeilik om te glo dat ons hierdie kwartaal kon oorleef. Daar is egter een ding wat dit moontlik gemaak het, en dit is almal se "INGESTELDHEID". Ons het die afgelope kwartaal 'n nuwe ingesteldheid by die koshuise ervaar. Hierdie ingesteldheid het begin by die personeel en huiskomitees en ook oorgespoel na die ander inwoners. Met die interkoshuisatletiek was daar 'n ongelooflike gees onder die inwoners en dit was voorwaar 'n belewenis om deel te kon wees van so 'n gebeurtenis. Hierdie besonderse gees het geweldig bygedra tot die suksesvolle bestuur van ons koshuise.

Soos reeds genoem was hierdie 'n baie besige kwartaal en ons bedank graag elke inwoner, personeellid en werker vir hul bydrae tot die sukses van die kwartaal. Ook ons opregte dank aan elke ouer vir hul ondersteuning deur die kwartaal.

Aspekte wat nog aandag moet geniet, is ons dissiplinêre stelsel en kommunikasie met ons ouers. Ons glo dat dit uitgesorteer sal word as ons volgende kwartaal die nuwe administratiewe program in werking stel.

Volgende kwartaal is baie vol met rugby, hokkie en netbal. Ook wag daar 'n volwaardige eksamen gedurende Junie. Dan is daar ook groot bouwerk en veranderinge wat gaan plaasvind binne Noordsig en Drostdy. Bergsig word ook aan die buitekant geverf. Ons besef hierdie werke kan ontwrigtend wees, maar ons sal probeer om dit so goed moontlik te bestuur sodat dit die kleinste impak op die inwoners sal hê. Hierdie opofferinge is egter noodsaaklik aangesien hierdie werke 'n groot stap is in die opgradering van ons koshuise. Ons is ook baie positief dat die heining voor die skool aandag sal kry, en dat dit 'n groot bydrae sal lewer tot die sekuriteit op ons terrein.

Ons is almal baie positief oor ons koshuise en sien uit na die res van die jaar. Ons hoop almal sal die welverdiende ruskans geniet en met nuwe krag terugkeer .

~ Mnr. Callie le Roux

KULTUUR

GROENTJIEKONSERT

Die groentjiekonsert het op 21 Januarie in die MJ de Wet skoolsaal plaasgevind. Die graad 8'ies het al weke voor die tyd aan die byeenkoms begin oefen om dit voor die res van die skool, asook sommige ouers en onderwysers op te voer. Dit was omtrent pret om te sien hoe Drostdy se jongste donsies hulself uitleef in ons eie skoolsaal. Elke klas het 'n dans opgevoer op 'n bekende liedjie wat die meeste van ons ken. Daar was ook hoof -karakters wat uitstekende rolle vertolk het en ons lagspiere 'n bietjie geprikkel het. Ons eie onderhoofseun – Albert Liebenberg - was deel van die prettige konsert as een van die karakters. Hy het die 'Fairy Godmother' in die storie gespeel en moes dus die pienk balletkostuum dra om by sy karakter te pas. Drostdy is beslis 'n belewenis en ons hoop dat die graad 8's elke oomblik daarvan sal geniet!

Maynardville

Four centuries after his death, he is still the master of drama.
There is a fine line between being a master and being mad. After four centuries, we still celebrate the master of madness, soaps and drama. He is a man who wrote for the common man.
Op 3 Februarie het me. Neethling en haar personeel 'n groep graad 12-leerders na die Maynardville teater vergesel. Die buitelugteater vier vanjaar sy 60ste bestaansjaar.
Daar het ons leerders, saam met verskeie ander skole, na Shakespeare se *Othello* gekyk. Dit was definitief n onvergeetlike gebeurtenis en die leerders het waarlik verryk van die verhoogligte af weggedraal.
Die drama is met sorg verduidelik en dit was op 'n feestelike noot wat die bus na middernag voor die saal gestop het.
Mev. Neethling en haar personeel , asook die matrieks se moeite en goeie gesindheid, was waarlik iets om 'n ode oor te skryf.

William Shakespeare

Redenaars

"Aan die hand van die volgende standpunte gaan ek u oorreed dat..." Met hierdie woorde het menige orator hul redenasies begin om tydens die interkoshuis redenaarskompetisie op 1 en 2 Maart die beoordelaars te beïnvloed . Die leerders het uitstekend gevaar en die uitslae is soos volg:

Juniors:	1.Antoinette Steijn (Dorp)	**Seniors:**	1. Carla Brink (Bergsig)
	2. Elri van der Westhuizen (Bergsig)		2. Carmen Victor (Bergsig)
	3. Mia Ramsauer (Bergsig)		3. Mariechen Jordaan (Dorp)

Op die 10de en 11de Maart het die leerders aan die ATKV-redenaarskompetisie se eerste rondte deelgeneem. Die leerders het in Somerset-Wes deelgeneem by Paarl Vallei. Daar was altesaam 10 Drostdyers wat deelgeneem het, waarvan ag onvoorbereid en twee voorbereid gepraat het.

Leerders wat deelgeneem het:

Junior:	Antoinette Steyn	**Senior:**	Carla Brink
	Elri van der Westhuizen		Danie Retief
	Mia Ramsauer		Cara Smith
	Gloria Viljoen		Joh-Mari Marais
	Joshua Smit		Ané Brink



Die uitslae sal eersdaags bekend gemaak word.

Om so voor mense te praat is nie maklik nie, maar hoe meer jy dit oefen, hoe makliker raak dit. Uiteindelik is dit 'n vaardigheid wat help in enige beroep.

VCSV

"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels..." Matteus 28 vers 19 word alom deur gelowiges beskou en beskryf as "Die groot opdrag" van Jesus.

Ek doen aan die hand dat dit wel 'n groot opdrag is, maar nie die GROOTSTE een nie. God is n verhoudingswese, en hoekom ek iets doen of nie doen nie, is en was nog altyd belangriker as wat ek doen. *Liefde* moet dáárdie "hoekom" wees. Altyd.

Liefde is die sentrale tema van die Woord van God en hoe dan anders, want Hy is liefde.

Einde 2015 het die kringleiers ervaar dat *Liefde* die intensionele tema van die VCSV vir 2016 moet wees.

Hierdie kwartaal is dit ook die waarde waarop Drostdy fokus. Daarom het ons reeds in Januarie met die gr 8-leer ders en hulle ouers 'n sessie gehad oor "Liefdestale" wat opgevolg is met n vraelys en praktiese voorstelle vir die uitleef daarvan in elke kring, elke klas en elke graad van HTS Drostdy.
Februarie was die afskop van die eerste "Fliekaand" in Stalshuis. Die aand het weereens *Liefde* as tema gehad met ysbreker pret voor die tyd en baie om oor te gesels ná die tyd. Bykans 100 Donkies was daar en ons kan nie wag vir die volgende fliekaand op 24 April nie.

Sien jou Woensdag 2de pouse. Jesus se liefde is n Belewenis!

VCSV-kamp

27 leerders van die VSCV het die naweek van die 4de tot die 6de Maart in Bainskloof gaan kamp .
Vrydagaand het ons op tromme gespeel om die spanning so 'n bietjie te verlig en om van die week se frustrasies ontslae te raak. Ons het die aand afgesluit met lofprysing en aanbidding. Vroeg Saterdagoggend het ons die berg uitgeklim, die asemrowende sonsopkoms beleef en stiltetyd gehou. Verder het ons in die koue bergwater geswem en oom Gerhard was so gaaf om vir al die harde werkers studietyd te gee. Hier kon mens duidelik sien wie lief is vir leer!
Soos met alle kampe het ons ook 'n potjiekoskompetisie gehou. Dit was 'n strawwe kompetisie en het almal se kreatiwiteit getoets - ook toe ons die tafels vir die kompetisie moes versier.

Die tema van die kamp was "love generation". Ons het besef dat niks ons ooit van die liefde van God kan skei nie. My ervaring van die kamp sal altyd 'n liefdevolle herinnering in my hart bly...



AKADEMIE

Brilliant Young Donkeys



Koffie ,quiche en pastei was maar net 'n paar van die geure wat die Gasvryheidstudie - lokaal op Donderdag, 28 Januarie, gevul het. Ja, die Brilliant Young Donkeys het as spesiale vergunning van sewe- tot agtuur ontbyt in die gasvryheidlokaal geniet.

Die ontbyt is keurig en smaakvol voorgesit en almal het heerlik gesmul aan die lekker quiche en pasteitjies tussen die gesels deur. Die nagereg, wat koeksisters was, was natuurlik die hoogtepunt van die hele ontbyt.

Baie dankie aan die opvoerders wat die oggend gereël en gesorg het dat dit glad verloop. Dankie aan almal wat alreeds vroeg uit die vere was, besig met die voorbereiding vir die ontbyt. Dit was baie spesiaal en ek glo elke leerder het dit baie geniet en waardeer.

Baie geluk aan die Brilliant Young Donkeys van Kwartaal 4, 2015:

Graad 8		**Graad 9**	
1. Suné Conradie	94.90%	1. Corli Ramsauer	93.00%
2. Tarien Swanevelder	89.40%	2. Lisa van Deventer	91.60%
3. Antoinette Steyn	88.20%	3. Yvette van der Walt	90.70%
4. Talitha Pretorius	87.90%	4. Ben-Ernst Botha	90.30%
5. Anri Röscher	86.60%	5. Ané Brink	89.80%
6. Dian Muller	84.30%	6. Marizaan Brink	89.60%
7. Hanri Oelofse	83.90%	7. Madré Jacobs	89.20%
8. Jana Jourdan	82.90%	8. Laura Lynn Brandt	88.70%
9. Juan Cornelissen	82.20%	8. Tina Kleinhans	88.70%
10. Surine van Tonder	81.90%	10. Kyla Avenant	87.30%
10. Leana Coetzee	81.90%		

Graad 10		**Graad 11**	
1. Tania Venter	93.30%	1. Carmen Victor	91.50%
2. Astrid Bothman	93.20%	2. Nelmarie Claassen	90.50%
3. Albert le Roux	89.20%	3. Danie le Roux	90.30%
4. Marilie Matthee	89.00%	4. Karla van Rensburg	88.10%
5. Madré Burden	88.30%	5. Albert Liebenberg	85.50%
6. Anke Zeeman	88.10%	6. Aiden Brandt	84.60%
7. Carla Brink	87.20%	7. Petrus Oelofse	84.30%
8. Jani Janse van Rensburg	86.50%	8. Hein Coetzee	83.80%
9. Anette Viljoen	86.20%	8. Nicolas Truter	83.80%
10. Nola Mulder	84.90%	10. Gerdus van Deventer	83.10%



Donkies weet hoe!

Op 9 Maart 2016 het die Donkies gewys dat hulle nie net goed vaar op die sport- en kultuurvlak nie, maar ook dat hulle wiskunde kan doen. Daar het 48 leerders deurgedring na die tweede rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade. Baie geluk aan elkeen van die leerders.

Leerders wat die beste gevaar het in elke graad:

Graad 8: Schalk Zeeman, Frikkie Botha, Aliza Rossouw

Graad 9 : Gershon Speelman

Graad: 10: CJ van Rensburg

Graad 11: Phillip Cornelissen

Graad 12: Carmen Victor en Nicolas Truter

SPORT

Onkies kry voorsmakie...

Op 15 Januarie 2016 het die graad ags hul eie atletiekdag gehou. In die warm somerson is ver gehardloop, hooggespring en spiesgegooi. Dit was 'n geleentheid vir die onderwysers om te sien wat in die graad ags steek en of daar dalk 'n Usain Bolt of twee sal uitspring. Op die paviljoen het hulle lekker gees gebou en hul maats ondersteun. Die Bestuurskomitee het ook van die geleentheid gebruik gemaak om vir al die graad ags Drostdy geesbouliedjies te leer. Dit was 'n lekker manier om hulle stemme op te warm vir die interkoshuis atletiek. Die warm dag is afgesluit met 'n lekker potjiekos - kenmekaaraand saam met hul ouers en onderwysers. Hier is baie vriendskappe gebou en herinneringe gemaak. Ons hou julle dop!

Interkoshuis Atletiek

Op 20 Januarie 2016 het ons ons jaarlikse Interkoshuis Atletiek gehad. Op die warm somersdag was almal sommer al vroeg aan die gang. Die dag het afgeskop met die straatoptog waar Dorp, Bergsig , Stalshuis, Drostdy en Noordsig koshuis in Hoogstraat gewys het wie baas is. Daar is gesing in die strate en trots om in HTS Drostdy te wees, is gedeel. Op die baan het die items afgeskop met die meisies 3000m en die dag het geëindig met die, weereens uitstekende, aflosse. In die warm son is baie gesigte gebrand , "selfies" geneem en baie rekords gebreek.

Die sangbeker het gegaan aan Bergsig se meisies en Noordsig seuns. Bergsig en Stalshuis was die algehele wenners.

Hierdie is die eerste werklike geleentheid waar ons graad agts Drostdy se gees in sy volheid ervaar en ook die volle impak van die talent wat hier is, kan beleef. En dit was beslis iets om te sien.



Prestige Atletiekbyeenkoms

Dit was warm en moeilik maar dié ene was beslis 'n grote wat vir lank gekoester sal word.

Op 12 Februarie 2016 , het ons , ons jaarlikse Prestige Atletiek byeenkoms met Hoërskool Stellenbosch en Hoërskool Belville gehad. Nie net was dit spesiaal omdat ons dogters algeheel 2de geëindig en ons seuns gewen het nie , maar ook omdat Drostdy op die dag 113 kersies doodgeblaas het.

Die Donkies het lekker gees gevang en op die paviljoen tot laataand hul harte uit ondersteun. Vir elke ouer , onderwyser en oudleerder was dit beslis 'n hoedervleisoomblik toe al die Donkies op die paviljoen die dag afsluit met die sing van ons skoollied.

Die jaar het die atletiek baie groot gegaan. Ure se oefen op die baan en liters se sweet is met baie medaljes beloon. HTS Drostdy staan breë bors met uitstekende atlete. Volgende jaar maak ons weer so!

"Stay a Donkey, Stay a Donkey..."



Atlete beleef goeie seisoen

Die atletiekseisoen van 2015/2016 was 'n lang droë een. Dit het reeds in die vierde kwartaal begin en is met die ter perse gaan van Die Aambeeld nog nie voltooi nie. Dit was die een byeenkoms na die ander en die Communicator en Facebook het die uitslae gereeld opdateer.

Die atlete het baie hard geoefen en die uitslae het bewys gelewer hiervan. By die onderskeie byeenkomste het die Donkies hoog geskop. Tydens die Boland byeenkoms het ons dertien plekke behaal en uiteindelik ses atlete na die Wes-Kaap kampioenskap toe gestuur. Die volgende uitslae maak ons ekstra trots:

Robert-Andrew Adshade 3de plek in gewigstoot, Ané Nieuwoudt 3de spiesgooi, Aliza Rossouw 3de plek in 300m hekkies, Shaun Albertus 2de in die 100 en 200m, Anel Pienaar 1ste diskus.

Anel en Adrian Maans is na die ASA – kampioenskap in Germiston genooi en Shaun Albertus het reeds op 15 Maart na die SA's in Bloemfontein vertrek. Alle voorspoed aan hierdie atlete.

Tennis

Ons het vanjaar met vier seunspanne en drie dogterspanne in die Noord-Bolandliga gespeel. Ons dogters het geskiedenis gemaak deur die seisoen onoorwonne af te sluit en sodoende wen hulle al drie ligas. Ook ons seuns vaar baie goed. Ons vierde seunspan sluit ook hul seisoen onoorwonne af. Ons tweede seunspan speel een wedstryd gelykop en wen die res. Ons eerste en derde seunspanne verloor elkeen slegs een wedstryd en wen die res.

V.l.n.r. Stefmari Burden, Ben-Ernst Botha, Carien Reyneke, Phillip Cornelissen, Berto le Roux, Marli le Roux, Celine van Wyk, Nico Vermeulen.

Ons is veral trots op ons dogters. Die dogters speel 96 individuele wedtsryde gedurende die ligawedstryde. Hulle wen 85 en verloor slegs 11!!!

Puik individuele prestasies is die afgelope seisoen deur ons spelers gelewer. Die volgende spelers verteenwoordig Noord-Boland tydens die jaarlikse Boland Platteland Toernooi:

Seuns 0/17:	-	Ben-Ernst Botha
Dogters 0/15:	-	Thalitha Pretorius
		Surine van Tonder
Dogters 0/17	-	Marli le Roux
		Celine van Wyk

Ook verteenwoordig van ons spelers Boland Platteland op 20 Februarie waar hulle teen SWD speel. Hierdie spelers is:

Dogters 0/15	-	Carien Reyneke
Dogters 0/17	-	Marli le Roux

Wenners van die plaatkompetisie

Ons dogters is ook vir die eerste keer genooi na die Agnes Pauw-tennistoernooi te Moorreesburg. Die spelers wat hier deelneem is Marli le Roux, Carien Reyneke, Celine van Wyk, Stefmari Burden, Anette Viljoen en Ané Brink. Van die skole wat deelneem is o.a. Bloemhof, HS Stellenbosch en Hugenote. Ons dogters vaar goed en wen die plaat-kompetisie.

GHOLF

Drostdy het hierdie jaar twee spanne ingeskryf in die Bolandliga. Hulle is 'n ongelooflike groep kinders wat alles gegee het vir elke wedstryd. Die A-span spelers is: Christiaan de Villiers, Hugo de Villiers, Phillip Bergh, Arnold Grove, Pieter Möller en Frederik Louw. Hulle het uitstekend gevaar in die A-afdeling en eindig saam met Charlie Hofmeyr bo-aan die punteleer.

Arnold Grove was die beste speler wat ook die meeste punte vir die span ingesamel het. Arnold is ook die tweede beste speler van die liga. Ongelukkig word Drostdy uitgetel en gaan nie deur na die finaal nie. Die B-span se spelers het 'n ongelooflike gees en mis nie 'n oefening nie. Daar word nog baie van hierdie groep kinders verwag. Baie dankie ook aan hulle afrigter, Liesl Möller, vir al haar harde werk. Baie geluk aan elkeen van hierdie leerders. Ons hou julle dop!



V.l.n.r. Christiaan de Villiers, Phillip Bergh, Arnold Grove, Hugo de Villiers, Frederik Louw, Pieter Möller.

Jukskei

Verlede jaar het die jukskeispelers aan die SA Junior Jukskei Kampioenskappe in Kroonstad deelgeneem en vyf van die leerders is in die Bolandspanne opgeneem.

Die A-spanspelers is:
Carina van Heerden - Meisies o/16A
Handré de Jongh - Seuns o/16 A
Paul Daniël Marais - Seuns o/19A

Akademieweek B - span-spelers :
Hennie Myburg
Albertus Basson



3 Leerders is in die Wes-Kaap span opgeneem:
Carina van Heerden - Meisies o/16A
Handré de Jongh - Seuns o/16 A
Paul Daniël Marais - Seuns o/19A

Carina van Heerden wen 'n bronsmedalje vir dubbelspel in die Boland-span en Paul Daniël Marais wen 'n bronsmedalje vir die Wes-Kaapspan. Hy is ook gekies om die 0/30 Wes-Kaapspan te gaan verteenwoordig by die SA Senior Jukskei Kampioenskap in Kroonstad vanaf 18 tot 24 Maart.

Handré de Jongh wen 'n silwer medalje in dubbelspel. Die Bolandspan eindig derde en hy verwerf 'n bronsmedalje. Handré word ook gekies vir die SA A-span en hy verower 'n silwer medalje.

Baie geluk met julle pragtige prestasies. Julle maak ons trots!

Swem

Drostdy se swemmers het n goeie seisoen agter die rug. Hulle het by 'n aantal swemgalas gaan deelneem , waar hulle baie goed presteer het. Op 9 Februarie het hulle op Hopefield gaan deelneem en 'n totaal van 20 medaljes verower: 6 goud, 10 silwer en 4 brons. Ons swemmers het ook rekords laat spat.
Daarna het hulle op 11 Februarie by Robertson gaan deelneem waar hulle 10 medaljes verower het. Ons sê ook baie geluk aan Sumari Pretorius met haar goeie tye van die seisoen. Sy het ge-kwalifiseer om op vlak 1, vanaf 1 tot 3 April, by UWK in die Kaap te gaan deelneem. Ons is baie trots op ons swemmers se goeie prestasies!



Ons swemmers is druk besig

Toutrekkers behaal gemengde welslae

Drostdyers is sinoniem met toutrek en goue medaljes by SA's. Oor die afgelope dekade is daar nie een span of klub wat soveel goue medaljes kon verwerf by die WP/Boland of die Suid-Afrikaanse kampioenskap nie. Hierdie jaar het ons baie goeie uitslae by die eersgenoemde kampioenskap behaal, maar dit kon beslis beter by die SA's gegaan het.

Die WP/Boland kampioenskap het in die Strand plaasgevind by Helderberg se klub. Al ons spanne, buiten die gemengde span, het hier WP/Bolandkleure verwerf. Dis werklik 'n groot prestasie, maar die groot toets het voorgelê.

Op 11 en 12 Maart het spanne van regoor Suid-Afrika op Buffeljags bymekaargekom om kragte te meet. Die inweeg was 'n uitmergelende ervaring. Op die Vrydag het die helfte van die spanne meegeding. Drostdy kon slegs een goue medalje op dag een huis toe bring. Vir baie van die graad ags was dit natuurlik hul eerste SA-kampioenskap en 'n baie groot ervaring. Die adrenalienvlakke was hoog - veral met die eerste trek!

Saterdag was dit tyd vir die groot kanonne. Die 440kg-span trek ongelooflik en wen die goue medalje. Die 560-kg span kon daarin slaag om die vierde plek te behaal. Ons meisies maak reg en wen die 480 kg – afdeling met skoon trekke. Voorwaar 'n medalje werd.

Hier volg die volledige uitslae:

Seuns
400kg – brons
440 kg – goud
480kg – silwer
520kg – brons
600kg – brons

Dogters
440kg – brons
480kg – goud
520kg - goud

Gemeng
520kg– silwer

Johan Frazer vat voor

Hierdie uitslae is uitstekend as jy in aanmerking neem dat daar altesaam 273 spanne by die kampioenskap was. Die toutrekkers is 'n hegte groep ouers en kinders wat elke Saterdag langs die veld is. Dis warm en elkeen weet watse opoffering dit verg om 'n toutrekker te wees. Daar is ouers, onderwysers, beamptes en skeidsregters wat elke Saterdag - onselfsugtig, diensbaar en onbetaald – op die veld is. Almal doen dit om een rede en dit is 'n liefde vir ons kinders en vir 'n sport wat die beste in elkeen uitbring.
Drostdy salueer elkeen van julle, want julle verdien dit!

NUWE VRL-LEDE

Baie geluk aan die volgende vier graad ag leerders wat verkies is tot die VRL. Ons weet julle sal die ander graad ags lei tot hoër hoogtes. Baie sterkte met die groot verantwoordelikheid. Dis belangrik om te onthou dat jy daar is om hulle te dien.Die volgende graad agts is tot die VRL verkies:v.l.n.r.

Robert-Andrew Adshade
Ruben Cronje
Brooklyn Moffat
Chris-Mari Snyman

Uiteindelik Donkies!



Die graad agts was omtrent uit hul nate

"Uiteindelik! Ons is Donkies!" Ek is seker elke graad ag leerder het so gevoel toe hulle na drie weke se oriëntering hul baadjies kry en deel word van Drostdy.

Vroegoggend is die trappe van Drostdykoshuis gevee en stoele is uitgepak vir die ouers. Die graad ags het baie senuweeagtig agter die koshuis gewag totdat hulle geroep is. Mnr. Underhay het die ouers verwelkom en 'n toespraak gelewer. Hy het gesê dat dit 'n groot voorreg is om in so 'n pragtige skool te wees en hy hoop dat hulle, hul baadjies met trots sal dra.

Die klasse het klas vir klas gestap met 'n matriek langsaan wat die baadjies aan hulle oorhandig het. Elke graad ag het die kans gekry om die aambeeld te slaan en so deel van Drostdy te word . Ons het vir 'n paar graad ags gaan vra en dit is wat hulle te sê gehad het oor die baadjieseremonie:

"Ek was verskriklik op my senuwees die oggend, want ek het nie geweet wat vir my wag as ek nou 'n regte Donkie is nie. Al die groot kinders het jou aangekyk en toe besef ek dit is omdat ons vandag Donkies word. Dit was vir my baie spesiaal toe ek daar opstap en daai hammertjie slaan. Dit het gevoel asof ek my merk daar gelos het" ~ Chris-Mari Snyman

"Dit was baie opwindend om te weet dat jy nou 'n regte Donkie is"
~ Simoné van Wyk

"Dit was opwindend om te weet dat ek 'n Donkie gaan wees en nie meer 'n Onkie nie. Dit was vir my lekker om 'n tradisie te volg wat elkeen van die ouer Drostdyers gevolg het. "
~ Lisa Stolz

Die baadjieseremonie was 'n baie spesiale geleentheid en 'n herinnering wat vir ewig onthou sal word.

Bloedskenk

Op 1 Februarie 2016 het al die brawe Donkies gewys wat in hul steek. Die WP Bloeddiens het vir al die leerders die geleentheid gegee om iets vir hul medemens te doen. Alhoewel daar 'n paar flou geval het, is daar hope eenhede bloed geskenk. Dankie aan al die brawe Donkies wat hul deel gedoen het om ander te help. Volgende keer maak ons nog meer harte bly!

Lansdiens het goeie begin

Landsdiens het vier liefdes wat nagestreef word nl. liefde vir God ons Skepper, liefde vir my medemens, liefde vir my omgewing en liefde vir arbeid.
Die eerste kamp was van 26 - 28 Februarie 2016 by Apostle Battery Kampeerterrein.
Met 'n lekker seebriesie was dit omtrent 'n ervaring!

Die volgende kamp is die Streekskamp en om in aanmerking te kom vir Nasionaal, moet hierdie kamp bygewoon word. Dit is van 29 April - 2 Mei 2016 by Kopbeenskloof!
Leerders wat belangstel om aan te sluit, kan met mnr. Oupie du Plessis kontak maak.
Al is ons jonk, is ons besig.

'N KYKIE NA DIE KUBAANSE KULTUUR

Die vroue van Kuba het hierdie jaar se tema "Laat die kindertjies na My toe kom" gekies. Op 3 Maart het die dames van Drostdy in die skoolsaal bymekaargekom en bietjie gekyk na die Kubaanse kultuur en hulle manier van dinge doen. Ons het die tema uitgevoer deur skryfbehoeftes vir minderbevoorregte speelskooltjies in te samel asook om aan dié rondom ons te dink en vir hulle te bid. Elke dogter is gevra om 'n wit papierblommetjie saam met die skryfbehoeftes te bring, wat dan voor in die saal "geplant" is. Dit is 'n simbool vir die wit Jasmynblommetjie wat natuurlik in Kuba voorkom.

Mev. Janine Burmeister het met die dogters gepraat en hulle geïnspireer om soos kinders te glo. Ons moet juis bid vir ons kinders asook dat meer mense soos kinders sal glo.

Hierdie oggend was baie spesiaal en ek glo elke dame wat dit bygewoon het, het iets saamgevat wat hulle vir die res van hulle lewe sal onthou en koester.

Pad na jou hart...

"Vyf, ses, sewe, ag... en een, twee..." Só het dit die week voor die Valentynsokkie geklink. Elke seun het doodseker gemaak dat hy nie op die meisie van sy drome te tone trap nie. Daarenteen het die meisies noukeurig beplan aan die perfekte rok vir dié geleentheid.

Met al die kaartjies uitverkoop het die Donkies Saterdagaand, 13 Februarie, die liefde dansend gevier. Die voorportaal en saal was pragtig versier en die fotograaf het al die danspassies op die dansvloer vasgevang.

Die vol dansvloer het gesorg dat die aand beslis 'n reusesukses was en definitief 'n aand om te onthou!



Matriekdag

Op Woensdag 24 Februarie was die opwinding redelik groot by die matrikulante van 2016, want dit was hulle matriekdag . Tydens baie gesprekke met die matrikulante was die matriekdag definitief een vir die boeke . Na skool het almal baie vinnig klaargemaak sodat hulle half drie gereed kon wees. Half drie is almal met die bussies na die V&A Waterfront. Daar aangekom, het die skool heerlike kospakkies aan elkeen gegee en natuurlik was daar eers baie fotos en "selfies" geneem. Almal het so 'n paar uur gekry om rond te loop om die pragtige Waterfront te bewonder. Daar is by restuarante geëet en die meisies het natuurlik by al wat ''n klerewinkel is, ingeloer.. Almal het lekker gesels, hulle tyd by die see geniet en met 'n lekker roomys langs die see ontspan. Half sewe moes almal weer terug wees op die bus om te vertrek na die Theatre on the Bay in Clifton . Daar kon almal weer 'n tydjie langs die see loop voordat hulle die teater binnegaan het om vir "Sweeny Tod" te kyk. Vir baie was die opvoering die hoogtepunt van die dag, want dit was soveel se eerste keer in 'n teater. Niemand kon uitgepraat raak oor hoe goed die teateropvoering was nie. Om elfuur het hulle uit die Kaap vertrek en het half een die oggend by die skool aangekom. Almal was maar lekker moeg , maar het steeds die volgende dag moeg-moeg skool toe gekom. Die Matriekdag was 'n groot belewenis gewees en die matrieks kon beslis nie vir beter vra nie.

113 vol jare

Die HTS Drostdy is hierdie jaar 113 jaar oud.Dis 'n goeie ouderdom vir 'n skool, want die waardes en tradisies is oud en beproef en het deel van die onderbou geword.

Dit is dus belangrik dat ons hierdie karakter soos 'n kleinood sal bewaar. Dit was Drostdy is, is spesiaal en is oor meer as 'n eeu gevorm. Dis wat ons uniek maak. Sommige mense interpreteer hierdie siening as sentimenteel en 'n onwilligheid of onvermoë om te verander.Die teendeel is eerder waar. Ons móét verander, maar nie ten koste van Drostdy se karakter nie. Ons vier 113 jaar van sukses. Ons kon dit regkry om ons kernwaardes te behou - kom ons koester dit!

Die viering het hierdie jaar 'n ander vorm aangeneem. Elke klas het 'n koek gebak en die skool daarmee uitgebeeld. Tydens 'n spesiale saalopening is die koeke ingedra en ongeveer eenduisend mense het "Veels geluk liewe Drostdyyyy..." laat dreun deur die gange. Die graad 8A-klas en die mooiste koek gebak - alus die beoordelaars wat 'n hele baksel kriteria gehad het.

Die eerste 113 jaar is verby - die beste lê nog voor.



Drostdy verwelkom nuwe onderwysers

Mev. Jordaan

WAT IS JUffROU SE VOLLE NAAM?

CELIA JORDAAN

WAARVANDAAN KOM JUFFROU?

GEBORE IN P.E WAS VIER JAAR BY MEIR COLLEGE BOYS HIGH

WAAR HET JUFFROU SKOOLGEGEE VOOR DROSTDY?

HEXVALLEI HOËR, PIONIERSKOOL EN VELE ANDER SKOLE

VOLGENS JUFFROU WAT IS UNIEK AAN DROSTDY?

KREET , HANDEKLAP , EN LEERDERS IS BAIE STIL TYDENS LES,

ONDERWYSERS IS BAIE GESELLIG.

WAAR HET JUFFROU STUDEER ?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Engels

Mnr. Grobler

Meganiese Tegnologie

WAT IS MENEER SE VOLLE NAAM?

NICOLAAS JOHANNES GROBLER

WAAR HET MENEER GESTUDEER?

NWU POTCHEFSTROOM (PUKKE)

WAT WiL MENEER BEREIK IN DROSTDY?

BESTE MEGANIESE SKOOL IN DIE WES-KAAP TE MAAK OM DIVERSE LEERDERS DIE WÊRELD IN TE STUUR

WAT IS MENEER SE SPIRIT ANIMAL ?

RATEL 'HONEY BADGER'

HET MENEER ENIGE TROETELDIERE?

HOND , JACK RUSSEL SY NAAM IS TURBO

Me. West

Wiskunde

WAT IS JUFFROU SE VOLLE NAAM?

LEE-ANN WEST

WAARVAN HOU U ?

GESELS ,TEE
DRINK ,TAN ,TROUES , DANS, BULLDOGS EN WISKUNDE

WAAR HET JUFFROU SKOOL GEGEE VOOR DROSTDY?

WORCESTER-NOORD PRIMÊRE SKOOL

VOLGENS JUFFROU, WAT IS DROSTDY SE BESTE EI-ENSKAP?

SY TAALONDERWYSERS

WAT IS JUFFROU SE SPIRIT ANIMAL ?

'n BEER (DIE QUIZ SÊ SO !)

VAN WAAR IS JUFFROU ?

WORCESTER

Me. Meyer

AAI TEE (IT)

WAT IS JUFFROU SE VOLLE NAAM ?

INEKE MEYER

VAN WAAR IS U?

HUMANSDORP NABY JEFFREYSBAAI

WAT IS UNIEK AAN DROSTDY VOLGENS JUFFROU?

DIE FEIT DAT ONS ONSSELF DONKIES NOEM EN TROTS EN OPGEWONDE IS DAAROOR, ASOOK DIE HANDEKLAP.

HOE LANK GEE JUF-FROU AL SKOOL?

EK HET VERLEDE JAAR AFSTUDEER SO DIT IS MY EERSTE JAAR WAT EK SKOOL GEE

WAT IS JUFFROU SE SPIRIT ANIMAL?

HUMMINGSBIRD , EK HOU VAN DIE LIGTE EN LEKKER DINGE VAN DIE LEWE EN OM DIE LEWE TE GENIET.

ENIGE INTERESSANTE FEIT WAT JUFFROU MET ONS WIL DEEL ?

EK KOM VAN DIE SEE AF , MAAR SWEM NIE IN DIE SEE NIE.

W E L K O M

Volle naam: Jacqueline le Roux

Van waar is u?

Klerksorp **Afrikaans**

Wat is uniek aan Drostdy?

Die onderwysers is baie gaaf en baie behulpsaam.

Spirit animal:

Die beer

Enige interessante feite

Ek was my skool se

Victrix Ludorum

PRET!

Hierdie is 'n oorspronklike soekprent uit 'n Huisgenoot van 30 September 1957.Die uitdaging is om 'n pappa- en mammabeer op te spoor asook drie bababeertjies. Lekker soek!

Die Huisgenoot, 30 September 1957 47

Knip langs die lyn af NAAM ..... ADRES .....

LAASTE SOEKPRENT VIR SEPTEMBER

Eerste prys: £50 2de Prys: £25 Derde Prys: £15 3 Troospryse van £5

25 Troospryse van £1

Graad 8's sê hul sê!

Hier deel 'n paar graad 8's hulle ervarings van die eerste paar maande by Drostdy.

Drostdy is beslis 'n Belewenis!

In die Desembervakansie het ek baie gewonder hoe dinge in die hoërskool gaan wees en werk. Die onderwysers en leerders het my gelukkig vinnig touwys gemaak en my deel van die Donkie-familie laat voel. Van die groentjiekonsert tot die atletiek en alles wat by die skool gebeur het, het my die Donkie-gees laat voel.

Ons graad ag kamp was 'n lekker geleentheid om eers my mede graad aggies te beter te leer ken, voordat ek die res van die skool ontmoet. Ek het lekker kamermaats, vriende en vriendinne by die skool.

Daar was drie dinge wat ek graag in die koshuis wou hê: 'n lekker bed, 'n lekker stort en laastens wou ek lekker eet! Gelukkig geniet ek al drie hierdie dinge.

Ek kan nie wag vir die volgende vier jaar en nege maande wat voorlê nie.

Drostdy, hier kom ek!

~ Elizé Lottering

Klein Onkies in 'n Groot Stal

Die groot kinders, streng onderwysers en massiewe geboue het my die eerste paar dae benoud en senuweeagtig laat voel. Te dankie aan ons onkie-mamma, juffrou Meiring, het ons niks gehad om voor bang te wees nie. Die 20 handtekeninge wat ons moes kry was vet pret! Ons moes wyfie blare soek, mure soen en dans-passies uithaal om uiteindelik ons papiere vol handtekeninge te kry en daar is belowe dat ons ons baadjies sou ontvang.

Die baadjie-oorhandiging is as gevolg van omstandighede met 'n week uitgestel en ons moes 'n aartappel of appel skool toe bring as 'n troeteldier.

Die groentjiekonsert was 'n belewenis wat ek vir altyd sal onthou! Dankie aan elke graad 8 wat dit so fantastiese aand gemaak het.

Die hoogtepunt vir my was die baadjie-oorhandiging en om die aambeeld te kan slaan. Al maak dit nie 'n vreeslike geluid nie, is dit iets spesiaals om te onthou. Namens al die graad 8's wil ek baie dankie sê vir juffrou Meiring, die BK en al die graad 8 registeronderwysers se harde werk en moeite om vir ons 'n atletiekbyeenkoms te reël. Dit was awesome!

Om 'n Donkie te wees, is 'n fees!

~ Migal Cronjé

Onkies maak Kennis met Drostdy

Ons Onkies is almal gevra om drie dae voor ons eerste dag by ons toekomstige hoërskool aan te tree. Dit was drie dae waar ons ons klasmaats, die BK - span en ons klasonderwysers beter kon leer ken. Maar dit is nie al nie, die drie dae is gereël om pret te hê! Dis mos waaroor hoërskool gaan...nie waar nie?

Sondag het ons water-kaskenades gehad en die klasse kon mekaar beter leer ken. Ons moes waterbalonne aangee met ons kenne, driebeenresies gehou en vele meer. Ons is elke aand moeg en natgesweet tienuur huis toe om weer sewe uur by die skool te wees vir ontbyt.

Maandag het ons waatlemoenfees gehou. So iets gebeur net een keer in jou hoër-skoolloopbaan. Elkeen het 'n stuk waatlemoen gekry om te eet, maar eet bly mos nou nie altyd by net eet nie... Dit het 'n reuse geveg geword waar waatlemoene oor een weer gegooi is.

Daardie aand het 'n groot ver-rassing op ons gewag. Juffrou Meiring het vir ons 'n tromsessie gereël waar elkeen van ons 'n geleentheid gekry het om op 'n Afrika-trom te speel. Ons uit - houvermoë is ook behoorlik die Dinsdag getoets toe ons die Karootuin se staproetes aangedurf het.

Baie dankie aan elke BK-lid, onderwyser en Juffrou Meiring wat hierdie drie dae vir ons ge - reël het. 'n Spesiale dankie aan oom Gerhard Srydom, ons skool se motiveringspreker, wat by elke aktiwiteit betrokke was.

~ Ruben Cronje

My eerste Donkie belewenis...

Ek het met 'n groot knop in my keel hier by Drostdy aangekom. 2016 is 'n jaar van baie eerstes vir my. My eerste hoërskool, eerste skoolskoene, eerste baadjie en das en die eerste klas waar die seuns meer as meisies is.

My jaar het afgeskop met 'n ongelooflike graad ag kamp. Hier het ek baie nuwe maats gemaak. Na 'n opwindende groentjiekonsert het al die graad ag Onkies, hulle D's verwerf om ook trotse Donkies te wees.

Ek het vinnig by Drostdy aangepas en geniet elke oomblik. Definitiewe hoogtepunte was die atletiekdag, valentynsok-kie, die skool se ver-jaarsdag (met al die koeke wat gebak is) en al die tenniswedstryde wat ek gespeel het.

Drostdy is 'n fees!

~Mari Möller

REDAKSIE VERWELKOM VARS IDEES

Baie welkom aan die nuwe lede wat die kwartaal by die redaksie aangesluit het. Ons weet dat julle hope nuwe idees en inisiatief na Die Aambeeld sal bring. Dankie vir julle wat sommer van die begin af skouer aan die wiel gesit het. Julle is tops!

Bianka Gertsner

Jani Janse van Rensburg

Marli le Roux

Armand van Rhyn

SIEN JY DIT?

1.



2.

3.

5.



4.

6.



1. 'n Vrou se gesig, 2. 'n Ou man of 'n prinses, 3. 'n luiperd, 4. 'n Vrou se gesig, 5. 'n Vrou se gesig, 6. 'n Eend en 'n haas.